**Dinsdag 2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-9; HK Sondag 19**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:3b (1983-vertaling)**

## Práát ons genoeg oor die dinge van die koninkryk van Gód?

Dalk het ons dieselfde probleem as wat Jesus se dissipels gehad het. In die loop van 40 dae ná sy opstanding *"het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die* ***koninkryk van God*** *gepraat"* (vs 3b). Hulle het Hom gehoor, maar nie regtig nie. Die beste wat húlle daarvan kon maak, is: *"Here, is dit nou die tyd dat U die* ***koninkryk vir Israel*** *weer gaan oprig?"*

Die groot vraag is: Het Hy gekom om die ewige koninkryk van God op te rig? Of 'n tydelike aardse koninkryk vir mense? Is ons hoop op die ewige lewe gevestig op heersers hieronder of op ons Heerser daarbo? Vir die dissipels het die regte insig gekom toe hulle (volgens die belofte van God) die Heilige Gees ontvang het. Tóé eers is hulle gedagtes gerig *"op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe en julle lewe is saam met Christus verborge in God"* (Kol. 3:2, 3).

Mag die Heilige Gees ons vandag leer om nie aards oor God se koninkryk te dink nie. Christus het immers *"na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon ..."* (HK v/a 50). Hy *"(stort) die hemelse gawes in ons, sy lede, uit"* en *"beskerm en bewaar ons met sy mag teen alle vyande"* (HK v/a 51).

Is dít dalk die dinge waaroor Jesus met sy dissipels gepraat het? Dan behoort ons ook meer daaroor met mekaar te praat.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)*